

Cantate Domino – Sing tot die Here (want Hy kom)!

Ons weet die Here regeer, maar groter vreugde is dit om te weet dat Hy die nasies dit laat besef! Oorwinning in die Bybel spreek tot vriend en vyand: die vriend word bevry, die teenstander word oorwin. God se oorwinning bevestig aan ons sy trou en liefde, aan die nasies openbaar dit sy regverdige regering en verlossing van elkeen wat onder sy heerskappy wil leef.

Hy oorwin met *magtige dade*. Dit wys op die eiehandige oorwinning van God sonder hulp – Hy is die enigste God – en sy goddelike mag, bonatuurlik. Hier is geen angs nie, die psalm gaan in grenslose vreugde en lof op. Dit is nie omdat God nou eers heerskappy verkry het nie. Die blydschap is omdat Hy dit nou geopenbaar het sodat niemand anders kan as om Hom te loof nie. Selfs die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God hierdie dag sal laat aanbreek (Rom. 8:19)! Daarom juig die see, aarde, riviere en berge mee (vs 7-9).

Met sulke eerbetoen en vreugde is Jesus in Jerusalem ontvang: God betoon sy komende oorwinning. Maar die Vrydag is Hy vervloek en gekruisig. Ons weet deur sy opstanding en hemelvaart regeer Hy nou met alle mag wat die Vader Hom gegee het. Deur sy Woord en Gees regeer Hy reeds oor die hele wêreld, ook oor almal wat Hom nie erken nie. Intussen hou Hy egter sy finale, bo-natuurlike oorwinning terug. Die dag kom dat Hy dit aan almal gaan openbaar.

Elke erediens se sang is 'n kleedrepetisie van daardie dag; God se teenwoordigheid in elke erediens is 'n voorspel tot sy finale koms om onder ons te woon. So ook met elke huisgodsdienst, stiltetyd, lof in ons eie hart en sy Gees wat in ons elkeen woon.

Dit kan nie anders nie: Hy kom om te oordeel. Weereens is dit nie blote verdoemenis nie, maar die opneem van sy eie heerskappy om met regverdigheid en billikheid te heers.

Sing dit uit, sing ook nuwe liedere gedryf deur vreugde in God, sing tot sy eer. Hy kom! Laat die volke dit hoor en ag gee. Dit is ons roeping.

Sing: Psalm 148:1, 5 (1936); Psalm 148:1, 7, 8, 9 (2001)

Ds. J Malan (Burgersdorp)